Sondag **5 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 103 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Psalm 103:20-22(AFR83)**

**Deel jy in die massakoor wat God se lof besing?**

In Psalm 103 word niks van die Here versoek nie. Die psalmdigter is nie besig om te smeek, te pleit, te kla, of te vra vir enigiets nie. Uit en uit gaan alles in die psalm oor die Here – oor Wie Hy is, en wat Hy doen.

Die psalmdigter skryf op enkele plekke iets oor homself, maar wanneer hy oor homself praat, praat hy oor sy eie kleinheid, swakheid en sonde. Hierdie besef van sy nietigheid vloei juis voort uit sy verwondering oor God se grootheid. Die Here laat reg en geregtigheid geskiet. Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, en Hy bly nie stil hieroor nie – Hy het dit aan ons bekendgemaak. Reeds in die Ou Testament (aan Moses) het Hy bekendgemaak dat plaasvervangend in die plek van die sondaar geoffer kan word. Uiteindelik het sy barmhartigheid in sy Seun Jesus Christus sy volheid bereik. Jesus is aan die kruis vergeld, sodat ons nie vir ons ongeregtighede vergeld sal word nie. Voorwaar, so ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. Kyk weer na die einde van die psalm. Na Dawid se refleksie oor die aard van die Here, roep hy die hele skepping op tot lofprysing. Die hemelwesens, en die skepping, en ons moet God se lof nog verder laat uitkring sodat dit ’n reuse koor word wat die heelal vul. Enigiets minder as dit is God nie waardig nie.

Elke stem wat God loof, word nie net gehoor nie, maar vloei saam om juis hierdie massakoor tot God se eer te vorm. Elkeen van ons moet, met alles wat ons is en het, ons lewe lank die Here loof met woord en daad.

Sing jy met opreg en met volle oorgawe saam in hierdie koor?

*Sing: Ps. 103-1:1, 2, 11*

*Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)*